**Marcel Floor**

**Skriflesing:** Die preek kom vanoggend uit verskeie Skrifgedeeltes (veral uit die boek Spreuke), wat ons sal aan aandag gee soos ons by dit kom.

**Tema: Hoe neem ek moeilike besluite volgens die Bybel?**

**Inleiding**

1. Ons almal neem elke dag besluite.
    a. Gaan ek bv. ŉ blou hemp of ŉ wit hemp aantrek?
    b. Gaan ek ŉ toebroodjie vir ontbyt of pap eet?
    c. Besluite is deel van ons lewe.
    d. En gelukkig hou die meeste van ons besluite nie vir ons lewensveranderende konsekwensies in nie.
2. Maar daar kom ook tye in ons lewe, waar ons voor baie groot en dikwels moeilike besluite te staan kom:
    a. Soos wat gaan ek studeer of watter loopbaan gaan ek volg?
    b. Moet ek hierdie besigheid begin of nie?
    c. Moet ek met ŉ sekere persoon trou of nie?
    d. Moet ek van werk verander of nie?
    e. Moet ek ŉ sekere huis koop of verkoop of nie?
    f. Moet ek trek of emigreer of nie?
    g. Dit is die besluite wat ŉ baie groot invloed op jou lewenspad vorentoe kan hê... positief óf negatief!
3. Dit is oor sulke moeilike besluite... groot besluite... waaroor God vanoggend met ons uit sy Woord praat.
4. En nou is dit so dat ons soms in sulke groot en moeilike besluite **die verkeerde** besluit kan neem!
    a. Dit kan gebeur uit...
        i. onkunde,
        ii. of ŉ gebrek aan ervaring,
        iii. of uit oorhaastigheid,
        iv. of hardkoppigheid,
        v. of eiewysheid,
        vi. of wat ook al.
    b. En soos ons weet... soms neem **óns** verkeerde besluite, en dan gee ons agterna die Here die skuld!

        i. Spr. 19:3 praat daarvan – daar staan: *Sy eie dwaasheid bring 'n mens op die verkeerde pad... en dan is hy kwaad vir die Here*.
5. En natuurlik kan verkeerde besluite vir ons baie slegte gevolge inhou vir die res van ons lewe.
    a. Verkeerde besluite het al daartoe gelei dat mense hulle hele pensioen verloor het.
    b. Ander het sonder werk opgeëindig oor verkeerde besluite.
    c. Of sonder ŉ huis.
    d. Afhanklik van ander.
    e. Party het erge gesondheidsprobleme oorgehou... oor verkeerde besluite.
6. En nou is dit so... dat ons nie altyd ons omstandighede kan kies nie...
    a. Ons kan bv. nie kies of daar ŉ pandemie gaan wees of nie, en of die rentekoerse gaan opgaan of nie, en of my werkgewer mense gaan aflê of nie, en of ek onverwags ŉ ernstige siekte gaan kry of nie...
        i. God bepaal dit...
    b. Maar ons kan wel **in sulke omstandighede** goeie besluite neem **of** verkeerde besluite neem... wat uiteindelik jou hele toekoms daarna kan beïnvloed!
    c. As ek die beeld van ŉ seiljag kan gebruik:
        i. Ons kan nie die windrigting of windspoed bepaal nie...
            1. God bepaal dit...
        ii. Maar ons kan wel ons seile so span, dat ons die wind maksimum benut óf nie...
        iii. Jy kan goeie óf slegte besluite neem, binne die omstandighede wat God bepaal.

So, hoe kan ons goeie besluite neem?

Weet jy, God gee vir ons ŉ klomp baie goeie beginsels in sy Woord, wat ons kan help om goeie besluite te neem... die meeste van dit kom uit die boek Spreuke.

Kom ons ontdek dit saam.

**A.**

1. Beginsel 1: Bid voor jy moeilike besluite neem.
    a. Spr. 3:6 sê: *Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop*.
    b. Die ouer vertaling sê: *Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak*.
        i. Hoeveel mense ken nie God in hulle moeilike besluite nie!
        ii. Hulle raadpleeg Hom nie eers een keer voor hulle die besluit neem nie!
        iii. En as hulle ’n verkeerde besluit neem, dan is hulle agterna kwaad vir die Here... soos ons gehoor het. (Spr. 19:3)
    c. Nee, **voor jy groot besluite neem**, gaan altyd eers na God in gebed!
        i. Vra die Here dat Hy vir jou sal wys wat sy wil is.
        ii. Baie keer wys Hy vir jou presies wat Sy wil is in sy Woord.
        iii. Ander kere lei Hy jou deur medegelowiges.
        iv. Vra ook vir God dat Hy vir jou deure sal oopmaak as dit sy wil is, en ook deure sal toemaak as dit **nie** sy wil is nie.
        v. En vra dat God vir jou **wysheid** sal gee, voor jy die besluit neem.
            1. Jak. 1:5 sê: *As een van julle **wysheid** kortkom, moet hy dit van God **bid**, en Hy sal dit aan hom gee...*
2. Beginsel 2: Gehoorsaam die Woord van die Here in jou besluite.
    a. Ps. 119:105 sê: *U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad*.
    b. En Ps. 119:133: *Laat u woord my op die regte pad hou.*
    c. So, as jy God se Woord reg verstaan en God praat duidelik oor die onderwerp waaroor jy ’n groot besluit moet neem, dan moet jy die Woord gehoorsaam!
    d. So baie mense wil eers bid en die leiding van die Gees vra, oor onderwerpe waaroor die Bybel klaar baie duidelik is!

   e. Ons moet onthou die Gees gaan jou nooit anders lei, as wat God in sy Woord sê nie.
   f. Die Gees gaan jou verál nie lei om iets te doen wat sonde is, of wat oneties is nie.
   g. Moet ook nie iets besluit wat jou integriteit onder verdenking gaan plaas... of wat jou getuienistaak in hierdie wêreld kan benadeel nie.
   h. Nee, as God se Woord duidelik is oor die saak... laat God se Woord vir jou die pad wys, as jy by ŉ kruispad in jou lewe staan.
3. Beginsel 3: Moenie oorhaastig groot besluite neem nie.
   a. Goeie besluite neem tyd.
   b. Pasop vir daardie verkoopsman, wat vir jou sê hierdie is jou **laaste kans**... jy sal nooit weer so geleentheid kry nie... en daarom moet jy **nou** belê of **nou** koop.
   c. 99% van die tyd is dit nie jou laaste geleentheid nie!
   d. Iemand het een keer gesê: *Deals are like buses, there is always another one around the corner*.
   e. Daarom moet ons vanoggend mooi hoor wat die Here vir ons leer oor oorhaastigheid:
      **i.** Spr. 14:15: *Wie ervaring kortkom, glo alles wat gesê word; 'n verstandige mens* ***oorweeg elke tree wat hy gee*****.**
         1. Moenie oorhaastig wees nie.
         2. Moenie alles glo nie.
         3. Oorweeg... dink mooi... voor jy besluit.
      ii. Spr. 19:2: *Ywer sonder kennis deug nie;* ***oorhaastigheid*** *bring foute*.
      iii. En Spr. 21:5: *Wat hardwerkende mense beplan, is nuttig, maar elkeen wat* **oorhaastig** *is, stuur af op gebrek*.
   f. Pas dus op vir oorhaastigheid!
      i. En pasop vir kort paaie!
*4.* Beginsel 4: Luister na goeie raad voor jy moeilike besluite neem*.*
   a. Hoeveel mense het al met die verkeerde persoon getrou, oor hulle nie na goeie raad wou luister nie.

   b. Hoeveel mense het al sonder werk opgeëindig, oor hulle nie na goeie raad wou luister nie.
   c. Of het dalk in iets belê waarin hulle **nooit** moes belê het... oor hulle nie na goeie raad wou luister nie!
   d. Onthou daar is altyd mense rondom jou (ook medegelowiges rondom jou) wat meer ervaring het as jy, en wat meer weet as jy.
   e. Luister na hulle raad!
   f. En pasop vir hardkoppigheid en eiewysheid!
      i. Hardkoppigheid is as mense vir jou goeie raad gee, maar jy steur jou nie daaraan nie!
      ii. Eiewysheid is as jy nie vir raad vra nie, of na raad wil luister nie, want jy dink **jy weet mos beter**.
   g. Hoor wat sê God vir ons in sy Woord oor goeie raad:
      i. Spr. 12:15: *In die dwaas se oë is sy eie pad die regte* (dit is eiewysheid); *wie wysheid het,* ***luister na raad***.
      ii. Spr. 13:10: *Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid*.
      iii. Spr. 15:22: *Waar daar nie beraadslaging is nie, slaag planne nie; dit slaag wanneer daar baie raadgewers is*.
      iv. Spr. 19:20: *Luister na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê*.
   h. Dit is die vierde beginsel: Kry raad en luister na goeie raad, voor jy groot besluite neem.
      i. Dit kan jou baie ellende spaar!
5. Beginsel 5: Pasop vir nalatigheid as jy groot besluite neem.
   a. Maak seker jy het eers al die feite.
   b. Kry eers al die inligting.
   c. Kontroleer wat mense vir jou sê, en of dit wel so is.
   d. Moenie alles glo wat mense vir jou sê nie en moenie aannames maak nie.
   e. Hoor wat die Bybel sê oor mense wat nalatig is:
      i. Spr. 11:29: *Wie sy huishouding verwaarloos, sal naderhand net wind oor hê*.
         1. Hier word gepraat van iemand van nie mooi kyk na sy eie sake nie... hy kontroleer en inspekteer

nie... maak nie seker nie... ons noem dit **nalatigheid**... so iemand het later **net wind oor**.

   ii. Spr. 18:9 sê: Een wat **nalatig** is met sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers.

f. Pas dus op om **na te laat**... wanneer jy groot besluite neem.

   i. Maak seker!

6. Beginsel 6: Pasop vir skuld as jy besluite neem.

   a. Ons moet onthou jy kry iets soos goeie skuld... en slegte skuld.

      i. Goeie skuld is bv. as jy geld leen om te investeer in ’n lonende besigheid.

         1. Ons noem dit *bedryfskapitaal*.
         2. Met die geld wat die besigheid maak, kan jy nie net jou skuld afbetaal nie, maar jy maak ook genoeg dat jy steeds toeneem en welvaart.
         3. Dit kan goeie skuld wees.

      ii. Slegte skuld is skuld wat mense aangaan ter wille van hulle eie ego.

         1. Hulle kan nie iets bekostig nie, maar wil dit hê, en gaan dan skuld aan.

      iii. Nog erger is iemand wat gaan leen by ’n “cash loan” besigheid teen ’n mal rentekoers... jy betaal op die ou end 10 keer soveel terug as wat jy geleen het.

   b. Voor jy die besluit neem om skuld aan te gaan, hoor wat God sê in Spr. 22:7: *Die ryke heers oor die arme;* ***die lener is die slaaf van die man by wie hy leen*****.**

      i. Pasop vir skuld!

7. Beginsel 7: Doen eers jou somme voor jy besluit.

   a. Jesus leer vir ons in Luk. 14:28-30: “*Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf. Hulle sal sê: ‘Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie*.”

   b. Natuurlik is die punt wat Jesus hier maak, dat jy eers die koste moet bereken voor jy sy dissipel word...

   c. Maar Jesus veronderstel tog ook hier dat wyse mense **eers somme maak, voor hulle groot besluite neem**!
   d. Wat leer ons hieruit?
      i. Werk eers deeglik uit **of** jy iets kan bekostig?
      ii. En gaan jy dit oor die langtermyn kan bekostig?
      iii. En sou die rentekoers opgaan, sal jy dit nog steeds kan bekostig?
   e. Maak **eers** die somme... voor jy besluite neem,
   f. of vra iemand wat kundig is om jou te help om **eers** die somme te maak, **voor jy besluit**.
8. Beginsel 8: Volg in jou besluite die regte volgorde.
   a. Spr. 24:27 sê: *Sit **eers** jou werk buite aan die gang en bewerk jou lande; **daarna** kan jy huis bou*.
      i. M.a.w. jou moet **eers** begin inkomste genereer... daarna kan jy begin om die inkomste uit te gee!
   b. Ook in jou besluite moet sekere dinge **eers** gebeur... **voor** ander dinge kan gebeur.
   c. Ek moet bv. eers die koste bereken, en dan koop... nie eers koop... en daarna agterkom ek kan dit nie bekostig nie.
   d. Hoeveel mense bedank bv. hulle werk, voordat hulle ’n nuwe werk het?
      i. En dan sit baie van hulle vir maande of selfs jare sonder werk!
      ii. Nee, maak eers seker jy **het** die nuwe werk, op skrif, onderteken, voor jy jou ou werk bedank.
   e. Volg in jou besluite die regte volgorde.
9. Beginsel 9: Neem die waarskuwingstekens in ag.
   a. As die rooi ligte orals begin aangaan nog voor jy die besluit deurvoer... dan moet jy oppas!
   b. Spr. 22:3 sê: *’n Verstandige mens sien onheil kom en vermy dit; onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor*.
   c. Spr. 27:12 sê amper dieselfde: *'n Verstandige mens sien onheil kom en sorg dat dit hom nie tref nie, onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor*.
   d. As die waarskuwingstekens oral daar is, of as mense jou aanhou waarsku, of as dinge nie pluis lyk nie... of dit nou in ’n

verhouding is, of ʼn besigheidstransaksie, of ʼn ander groot besluit, neem die waarskuwings in ag!

i. Neem dit ernstig op!
ii. God kan jou juis deur waarskuwings van medegelowiges lei om iets **nie** te doen nie.
iii. Vermy so die onheil.

10. Beginsel 10 en daarmee sluit ons af: Soek vrede in jou besluite.
    a. Fil. 4:6-7 sê: *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die* ***vrede van God wat alle verstand te bowe gaan****, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus*.
    b. God se wil is dus ook dat jy moet vrede hê oor jou groot besluite.
    c. En nou moet ons almal soms groot besluite neem waaraan daar inderdaad risiko's verbonde is.
        i. Sulke besluite kan ons ongemaklik maak, en kan selfs vir ons intimiderend wees.
    d. As jy regtig so ʼn moeilike besluit voor die Here gebring het in gebed, en jy het na sy wil gesoek, en jy was nie oorhaastig nie, en jy het goeie raad ingewin, en jy het na dit alles **nog steeds nie vrede in hou hart nie**...
        i. Dan is die heelwaarskynlik wys om nog te **wag...** voor jy die besluit neem...
        ii. Soek God se vrede, ook in jou groot besluite.

**Kom ons sluit af**

1. Dalk sit jy vanoggend hier, en jy is een van daardie persone wat verkeerde besluite geneem het, wat jou baie duur te staan gekom het.
    a. Jy dra dalk tot vandag toe nog die gevolge van daardie verkeerde besluite.
    b. Miskien omdat jy juis nie hierdie Bybelse beginsels gevolg het wat God vir ons gegee het nie...
2. Hoor wat die Here vir jou sê uit dieselfde boek Spreuke:

   a. Spr. 24:16: *Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op, maar die goddeloses word deur rampe vernietig*.
      i. Wat sê die Here?
         1. As jy groot foute gemaak het, moenie gaan lê nie.
         2. **Staan op** na jou val.
         3. Maak reg, indien jy nog kan.
3. En ons moet ook leer uit ons foute, en nie dieselfde foute weer maak nie.
   a. Dit is wat die Here ons leer in Spr. 26:11 – daar staan: *Soos 'n hond wat na sy braaksel toe terugkom, so is 'n dwaas wat dieselfde dwaasheid weer begaan.*
      i. Leer uit jou foute!
4. Mag die Heilige Gees ons almal help **om goeie besluite te neem** volgens hierdie beginsels wat God vir ons in sy Woord gee.

**Amen**

## Bibliografie

Brown, F., Driver, S.R., Briggs, C.A. 2000. The Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon. Logos electronic edition.

Geldenhuys, J.N. (Red.). (1958). Die Bybel met verklarende aantekeninge – Deel II. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk.

Hill, A.E. & Walton, J.H. 2000. A survey of the Old Testament – 2nd Edition. Grand Rapids: Zondervan.

Holladay, W.L. 2000. A Concise Hebrew and Aramatic Lexicon of the Old Testament. Londen: Brill.

Janse van Rensburg, F. & Nel, M. (Reds.). (2009). Bybellennium – 'n Eenvolume kommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Janse van Rensburg, F. & Vosloo, W. (Reds.). (1993). Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kroeze, J.H. 1971. Handboek Bybelse Geskiedenis – Die Ou Testament. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

Longman, T. & Dillard R.B. 2007. An Introduction to thr Old Testament. Nottingham: Inter-varsity press.

VanGemeren W.A. 1997. New International Dictionary of the Old Testament Theology & Exegesis. Grand Rapids: Zondervan.